

10 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 5:1-16

Fokusgedeelte: Matteus 5:3-11

'n Christen is anders!

Hierdie sogenaamde "saligsprekinge" is seker van die bekendste gedeeltes in die Bybel. Al is dit bekend, verstaan almal dit egter nie altyd reg nie.

In die eerste plek moet ons verstaan dat Jesus hiermee vir ons wil sê dat Christene anders as die wêreld behoort te wees. Waar die wêreld byvoorbeeld streef na mag en voorspoed en plesier, behoort ons te streef na diensbaarheid en geregtigheid en moet ons treur oor ons sonde. Omdat ons anders is, moet ons anders leef. As verlost, dankbare gelowige moet die saligsprekinge my lewenswyse kenmerk!

Tweedens moet ons verstaan dat gelowiges al hierdie kenmerke in hulle lewens moet vertoon. Ek kan nie kies watter van hierdie kenmerke ek wil vertoon en watter nie. Nee, as verlost, dankbare gelowige moet ek my afhanklikheid van God besef en moet ek treur oor my sonde en moet ek sagmoedig wees en moet ek honger en dors na wat reg is en moet ek barmhartig wees en moet ek rein van hart wees en moet ek vrede maak. As ek dit doen, sal ek egter ook beledig en vervolg word.

Derdens moet ons verstaan dat hierdie nie aangebore persoonlikheidseienskappe is nie. Ek word nie hiermee gebore nie, maar God gee dit aan my! Daarom moet ek bid om so te kan wees en moet ek God dank wat my meer en meer so laat word!

As ek hierdie drie dinge besef, dan kan ek ook vashou aan die beloftes wat aan elkeen van hierdie eienskappe verbind word!

Sing: Skrifberyming 14:1, 2

Ds. HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)